

Baasbrein' van MTI 'beswadder likwidateurs'

NETWERK24

Jana Breytenbach
DEEL

'n Likwidateur beweer dat een van die vermeende baasbreine in die grootste kriptogeld-beleggingskandaal in Suid-Afrika hom en sy kollegas beswadder.

Clynton Marks, een van die beweerde baasbreine agter die Mirror Trading International(MTI)-skandaal maak glo ongegronde bewerings teen die likwidateurs om hulle in 'n slegte lig te stel en hul reputasie skade te berokken.

Só voer Chavonnes Cooper, een van die ses likwidateurs in die saak, aan in sy repliek op Marks se aansoek dat hulle verwyder moet word.

Marks het drie dae voordat die likwidateurs 'n aansoek by die hof ingedien het om MTI as 'n onwettige Ponzi-skema te laat verklaar – 'n aansoek ingedien dat die likwidateurs van die saak verwyder moet word.

Marks voer aan die likwidateurs is oneerlik, misleidend en het in hul plig versuim om in die beste belang van die krediteure van MTI op te tree.

Marks sê hy is 'n krediteur en 50%-aandeelhouer in MTI, en dat die likwidateurs se aansoek hom nadelig sal raak indien MTI as 'n onwettige skema bevind word.

MTI, wat deur Johann Steynberg en onder andere Marks bestuur is, is einde verlede jaar finaal gelikwideer en die proses om miljarde rand se bitcoin te herwin, het reeds vroeg in 2021 begin.

Die bom het gebars toe Steynberg in Desember 2020 na Brasilië gevlug en die beweerde bedrogspul op die lappe gekom het.

Sedertdien is Steynberg in Desember 2021 deur Interpol in hegtenis geneem, maar hoe ver die proses is om hom aan Suid-Afrika uit te lewer, asook aan Amerika waar hy op verskeie aanklagte van finansiële en kuberbedrog tereg staan, is onseker.

Die bewerings is dat die beweerde onwettige skema mense uit meer as R8 miljard geswendel het.

Marks het die hof op 'n dringende grondslag genader om eerstens 'n interdik teen die likwidateurs – Herman Bester, Adriaan van Rooyen, Christopher Roos, Jacolien Barnard, Deidre Basson en Chavonnes Cooper – te bekom wat hulle sal verhoed om

die proses voort te sit, hangende die tweede deel van die aansoek, om hulle as likwidateurs te verwyder en vir die meester van die hof om hul werk en eise te hersien.

Cooper het in sy repliek al Marks se bewerings ontken en gesê die aansoek kan nie slaag nie omdat dit ongegrond is en Marks uit hebsug optree om hulle (die likwidateurs) se reputasie en integriteit skade te berokken.

Volgens Cooper was Marks en sy vrou, Cheri, saam met Steynberg die baasbreine van MTI en dat Marks nie kan aanvoer hy is 'n krediteur nie.

MTI is reeds gelikwideer en die proses van ondervraging het begin met verskeie mense wat getuig het.

Wat die likwidasie ondersoek toon

- Op die datum van likwidasie was daar as gevolg van bedrog en diefstal 'n tekort aan 6 900 bitcoin in MTI;
- MTI het 304 044 beleggers gehad;
- 39 193 bitcoin is in MTI belê;
- 32 285 bitcoin is onttrek;
- 204 000 beleggers het eise teen MTI ingestel;
- Tans is daar 58 000 beleggers wat gebaat het by MTI;
- Ten tyde van die likwidasie was een bitcoin sowat R340 000 werd, wat neerkom op 'n totale verlies van R2,34 miljard;
- Tans is een bitcoin R480 000 werd en die verlies is R3,3 miljard;
- Daar is veronderstel om 22 222,54 bitcoin in MTI te wees, wat meer as R10 miljard werd is, maar dit is onttrek en die likwidateurs moet bepaal waarheen dit gegaan het.

Cooper het gesê gegrond op die inligting wat hulle reeds bekom het, wat duisende bladsye beslaan, het Marks net 21,984 bitcoin gehad, maar 219,7 bitcoin (sowat R74,9 miljoen) uit MTI onttrek.

Cooper voer aan Marks het MTI "gemelk" tot nadeel van ander beleggers. Hy sê Marks is baie geheimsinnig met die inligting wat hy in sy aansoek geplaas het oor wat MTI was en wat gebeur het voordat dit gelikwideer is.

Volgens Cooper skuld Marks vir MTI geld.



Corporate Team

CREATING A CULTURE OF SERVANT LEADERSHIP...



Leaders' Leader

Clynton Marks

Clynton is a seasoned business owner, team leader and recruiter. As one of the top leaders in MTI his love for networking and mentoring members has been most valuable and a notable attribute to MTI's success and growth. We are excited to announce his appointment as a leader's leader for our optional referral program.



Marks se aansoek is 'n misbruik van die hofprosesse en daar is geen meriete in sy saak nie. Hulle vra dat die hof die aansoek met koste van die hand wys.

Marks se beweringe dat daar 'n botsing van belange tussen sekere van die likwidadeurs is, is ongegrond omdat die meester van die hooggeregshof die aanstellings maak, nie die likwidadeurs self nie, sê Cooper.

Hy voer aan dat Marks nie daarin geslaag het om te bewys hy sal skade lei as die saak die normale proses volg nie, eerder as op 'n dringende grondslag, soos wat Marks vra.

Hy het ook nie daarin geslaag om te bewys dat die respondente (likwidadeurs) bevoordeel sal word indien daar 'n afwyking van die voorgeskrewe tydsberekening is nie.

Cooper vra die hof om die aansoek met koste van die hand te wys.

VERWANTE ARTIKELS